Nuusbrief 196

26 Mei 2015

Geagte Lede,

NRVS – Terugvoer

U is bewus van die brief van 8 Mei aan die NRVS in reaksie op hulle beplande teruggedateerde heffings van af 1 Januarie 2014. Die brief wat deur die meerderheid SAWPA-lede ondersteun word, bevat in beginsel ‘n teenvoorstel vir die betaling van heffings vanaf 1 Januarie 2015 met die voorbehoud dat die NRVS hulleself verbind tot die implementering van die administrasie sowel as regulatoriese pligte, en meer spesifiek die hantering van onwettige behandeling van hout en die verkoop daarvan.

Op die 21ste Mei het ons ontvangserkenning van die NRVS gekry. Hulle het ook aangedui dat die saak tans intern aandag geniet en dat verdere konsultasie nog met die Ministerie van Handel sal plaasvind, waarna hulle aan die bedryf terugvoer sal gee. Die algemene bestuurder van die NRVS het in ‘n aparte e-pos aangedui dat teen einde Junie die prosessering van al die aansoeke en uitreiking van die goedkeuringsbriewe (LOA) afgehandel moet wees. Hulle asl na afloop daarvan aandag gee aan die reeds aangemelde onwettighede.

Let daarop dat die NRVS SAWPA versoek het om aan ons lede oor te dra dat die LOA’s slegs uitgereik sal word aan aanlegte wat reeds die verpligte aanvanklike aansoekfooi betaal het. Dit is in lyn met die voorwaarde wat die NRVS op die 30ste April aangekondig het en wat SAWPA reeds aan lede oorgedra het. Dit berus daarop dat die aanlegte wat teen die 30ste April nog nie die aansoekfooi betaal het nie, nou die aansoekfooi soos op 17 Oktober 2014 gepubliseer, i.e. R 1134.00 moet betaal. Dit is in reaksie op die konsessie deur die NRVS om die teruggedateerde betalingstydperk te verkort na Januarie 2014 in stede van Januarie 2012. Aanlegte wat nie in besit van ‘n goedkeuringsbrief of verkoopspermit (vir aanlegte in proses om sertifisering te kry) is teen die einde Junie nie, loop dus gevaar om as onwettig verklaar te word.

VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE NASIONALE PADVERVOERREGULASIES

Lede is waarskynlik bewus van die kontroversiële voorstel vir die wysigings van die Nasionale Padvervoerregulasies gepubliseer in staatskennisgewing 411 van 11 Mei 2015. Die voorgestelde wysigings is in kortliks:

- Reg 107D. Die wyse waarop en inhoud waarteen aansoekers geëvalueer word vir die hernuwing van bestuurslisensies.
- Reg 247. Omstandighede waaronder persone in goederevoertuig vervoer mag word – Nie meer as 5 persone word toegelaat in die goedereruimte van ‘n goederevoertuig met ‘n bruto massa van minder as 3500 kg nie.
- Reg 250. Perone mag nie teen vergoeding in die goedereruimte vervoer word nie tensy in terme van die NLTA – Skoolkinders mag nie agter op ‘n bakkie vervoer word nie.
- R 292. Verlaging van die spoedbeperkings: 40 km/h in stedelike/dorpsgebiede, 80 km/h buite stedelike/dorpsgebiede, 120 km/h op snelweë en 100 km/h op snelweë wat deur residensiële woonbuurte loop.
- Goederevoertuie met bruto massa van meer as 9000 kg van paaie verbied in spits besigheidsure , i.e. 06h00 – 09h00 en 17h00 – 20h00, Maandag tot Vrydag.

Ten minste twee van die bogenoemde voorstelle sal ‘n ernstige impak op meeste bedrywe, ingesluit ons eie, hê. SAWPA sal ook beswaar teen die voorstelle indien. In plaas daarvan om die wiel te herontwerp, is daar besluit om ‘n beswaar brief in te dien, wat die gedetailleerde opinie en kommentaar wat deur Forestry South Africa se vervoer-komitee opgestel en ingedien is, te ondersteun. Die FSA dokument sluit alreeds alle bosbou- en bosbouverwante prosesseringsbedrywe in.

BBSEB KODES – VERLENGING VAN SPERDATUM & KORREKSIE KENNISGEWING

Nadat groot ontevredenheid oor die klaringskennisgewing t.o.v. swart deelname in Breë Basis Eienaarskap Skemas and Werknemer Aandeelhoudingsprogramme, en die verlaagde punte toekenning daarvoor onder die eienaarskap-telkaart uitgespreek is, het die Minister erken dat dit verkeerdelik uitgereik is.

'n Hersiene kennisgewing GoN 444 is op 15 Mei uitgereik waarin spesifieke verwysings na die bogenoemde onttrek is. Die kern van die hersiende kennisgewing is dus nou as volg:

A) Bevestig dat die Gewysigde Kodes van Goeie Praktyk (generies) wat in Oktober 2013 gepubliseer is op die 1ste Mei 2015 in werking getree het.

B) Dat alle verifiëring wat in die finansiële jaar wat eindig op 30 April 2015 steeds gedoen kan word teen die ou kodes wat in 2007 gepubliseer is, en dat verifiëring wat in die finansiële jaar wat na 1 Mei 2015 plaasvind teen die nuwe kodes gedoen moet word, uitgesluit waar Sektorkodes bestaan.

C) Verlenging van die oorgangsperiode vir die inlyn bring van Sektorkodes, bv. die "Forest Sector Charter Code" tot 30 Oktober 2015. Sektorkodes wat teen 1 November afgehandel is, sal dan in werking tree.

D) Bepaal dat gedurende die eerste jaar van die gewysigde kodes, alle geldige BBSEB sertifikate wat onder die ou kodes uitgereik was sowel as die toepaslike Sektor, geldig sal wees en dus aanvaar moet word as voldoende ten opsigte van bemagtigde verskaffer. In geval van EME-sertifikate wat sonder Bemagtigde Verskaffer Status uitgereik is, sal interpretasie vir die "Exempted Micro Enterprises" en "Start-ups" outomaties as Bemagtigde Verskaffers geld.

IRGWP 46 – VINA DEL MAR, CHILE

Soos in die vorige nuusbrief gemeld, was ek bevoorreg om die jaarlikse "International Research Group on Wood Protection" konferensie, IRG46, in Viña Del Mar, Chile van 11 tot 14 Mei by te woon. Die konferensie is deur 160 verteenwoordigers van 30 verskillende lande bygewoon en 85 studies is ingedien en aangebied. Die konferensie betaan uit 'n openingsessie en word dan in twee parallelle sessies voortgesit bestaande uit werkgroepe wat oor die volgende handel:

Microbial test methodology	*Wood composites, WPC's and engineered wood products*	*Thermal wood modification*
Chemical/Physical analysis	*Coatings, hydrophobic treatments and surface aspects*	*Natural durability*
Insect biology and testing	*Soft rot and bacteria/bluestain and moulds*	*Bacidiomycetes*
Performance – Lab &Field tests	*Treating processes and treatability of timber*	*Organic Preservatives*
Prediction of service life	*Environment and sustainability*	*Cultural artefact protection*
Fire protection – special session		

Ek was geëerd om vir die tweede jaar in 'n ry as sameroeper vir die "Chemical/Physical Analysis" werkgroep aangewys te word. Die volgende is sommige van die vele interessante stukke wat oor die vier dae gelewer is:

IRG/WP 15-40700	*How to increase the lifespan of exterior wood coatings*
IRG/WP 15-50310	*Environmental fate of Micronized Copper*
IRG/WP 15-40703	*Termite and insect resistance of acetylated wood*
IRG/WP 15-40704	*Durable fibre for durable MDF - Testing Tricoya* ®
IRG/WP 15-10839	*Interpretation of moisture monitoring data – Relevance of moisture content thresholds for fungal decay*
IRG/WP 15-40691	*Remedial treatment of difficult to access timber in buildings*
IRG/WP 15-40706	*Impact of early lignification of ray parenchyma on the treatability of Scots pine sapwood*
IRG/WP 15-40713	*Steam accelerated borate diffusion optimizing dry tie treatment*
IRG/WP 15-30663	*Factors affecting performance of preserved wood decking against decay fungi*
IRG/WP 15-30667	*The effect of preservative treatment on mechanical strength and structural integrity of wood*
IRG/WP 15-50311	*Effect of exposure site on metal migration from coper azole, alkaline copper quat or chromated copper arsenate treated southern pine decking*

IRG/WP 15-50311	*Recycling of used railroad ties via two-staged pyrolysis for fractionation of wood preservatives and bio-oil*
IRG/WP 15-50309	*A green and novel technology for recovering copper and wood from treated waste – Part 1*

Indien u belangstel in enige van die bogenoemde studies of die lys van al die studies wil bekom, kan u ons gerus skakel. Die volgende IRG47 sal van 16 to 19 Mei 2016 in Lisbon, Portugal gehou word.

WERELD BOSBOU KONGRES

Vir die lede wat dalk belangstel om die XIV World Forestry Congress by te woon, dit word in Suid Afrika aangebied en vind vanaf 7-11 September 2015 in Durban plaas. Besoek die amptelike XIV World Forestry Congress webtuiste www.wfc2015.org.za vir meer inligting.

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan SAWPA webtuiste in April 2015 was 47253.
- WOODEX for Africa – Die organiseerders van WoodEX for Africa het besluit dat die skou voortaan elke tweede jaar sal plaasvind en dat daar dus nie in 2015 ‘n WoodEX for Africa sal wees nie. Die amptelike datum vir die volgende WoodEX for Africa is vasgestel vir 9-11 Junie 2016 by Gallagher Convention Centre in Midrand. Soos met die voriges het SAWPA reeds ons deelname bevestig vir 2016.
- Die finale regsopiniedokument wat deur Janusz Luterek (Hahn & Hahn) opgestel is, en handel oor die aanspreeklikheid van behandelaars wanneer behandeldehout voortydig faal a.g.v. verrotting, is beskikbaar vir lede.
- SAWPA onderskryf nou aan “Specifile”, een van Suid Afrika se grootste publiseerders van argiteks, ingenieurs- en konstruksie-verwante inligting. Specifile bevat tans inligting van 3318 maatskappye bestaande uit verskaffers, assosiasies en professionele persone, en verskaf ‘n platform waar belanghebbendes deur die webtuiste kan blaai of soek vir ‘n spesifieke produk of verskaffer. Lede kan die SAWPA blad op Specifile besoek deur op die volgende skakel te klik. http://www.specifile.co.za/company/83377-south-african-wood-preservers-association-sawpa/
- Ons amptelike webtuiste is nou slegs www.sawpa.co.za is. Die ou www.sawpa.org.za sal steed bereikbaar wees maar sal slegs dien om besoekers te herlei na die nuwe skakel.
- WAARSKUWINGSETIKETTE: Onthou om die rolle waarskuwingsetikette aan te vra van SAWPA teen geen koste vir lede. Die nuwe weergawe van SANS 10005 sal binnekort gepubliseer word waarna die aanbring van waarskuwingsetikette nie meer ‘n aanbeveling sal wees nie, maar voorskriftelik word.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.